
Valleisig
GEMEENTE

PINKSTER 2023

# DIE GEES IN BYBELLEES



Aangebied deur
ds Wouter van Wyk



Is jy dapper of dom?

Herontdek die sakrament

# PINKSTER | 22 MEI '23

# 2 SAMUEL 23:13–17



13'n Drietal van die dertig hoofde het afgegaan
en in die oestyd by Dawid aangekom in die grot
van Adullam. Die kamp van die Filistyne was
opgeslaan in die vallei van Refaïm. 14Dawid was
op daardie stadium in die bergvesting, en daar
was 'n wagpos van die Filistyne in Betlehem.
15Dawid was vol heimwee en het gesê: "As
iemand tog net vir my water kon laat drink uit
die opgaarput by Betlehem wat by die
dorpspoort is!" 16Die drie helde het toe deur die
kamp van die Filistyne gebreek en water geskep
uit die opgaarput by die dorpspoort van
Betlehem. Hulle het dit gedra en vir Dawid
gebring. Maar hy wou dit nie drink nie, en het dit
vir die Here uitgegiet. 17Hy het gesê: "Mag die
Here my daarvan weerhou om hierdie water te
drink! Is dit nie die bloed van die manne wat
hulle lewens gewaag het nie?" Hy wou dit nie
drink nie. Dit is wat dié drietal helde gedoen het.

- Die Bybel 2020 Vertaling

# GESELS

Wat staan uit? Waarvan wil jy meer leer? Wat wil jy bydra?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________




## Kultiese gebruike

Kultiese gebruike was algemeen in die antieke wêreld. Reg deur die Bybel sien ons hoe kultiese gebruike soos die drankoffer beskryf en aangemoedig word (sien oa Gen35:14; Eks 25:29; Fil 2:17). Baie godsdienste het kultiese gebruike gehad waar hulle met gode probeer "onderhandel" het. In die Bybel is die klem wel bietjie anders. Dit gaan nie in die eerste plek oor onderhandeling nie, maar oor konneksie. Konneksie met God en konneksie met mekaar.

## Drankoffers

Drankoffers word 35 keer in die Bybel beskryf. Dit was (en is) algemene praktyk reg oor die wêreld in baie verskillende godsdienste en kulture. Baie godsdienste het selfs 'n spesiaal versierde piering gehad waarin drankoffers gebring is.

# HET JY GEWEET?



'n Vroom mens sou daagliks 'n drankoffer gegee het. Die bedoeling van 'n drankoffer is om erkenning te gee dat dit wat jy het, genade is. Dit wys dat dit wat jy ontvang het nie aan jouself behoort nie.

Die drankoffer was ook bedoel om vrede te maak tussen jou en God. Om berusting te ontvang. Die bedoeling was nie om met God te onderhandel nie. Dit was ook nie die bedoeling dat God vir jou iets moet gee nie. Dit was bloot 'n erkenning van dit wat God reeds doen, en dat jy daarby berus.

# SO...

Konteks is alles
Wanneer ons die Bybel lees, is daar dikwels ander sake wat bekend was vir daardie wêreld, maar onbekend is vir ons. Dit speel alles in op die betekenis. 'n Kort vreemde vertelling soos hierdie kan dikwels vir ons min of selfs geen betekenis dra nie. Dit is wanneer ons agter die "hart" van die vertelling kom, dat dit waarde vir ons kry.

Sakrament
Die woord sakrament beteken letterlik - "Heilige Teken". 'n Teken is iets wat na iets anders beduie. 'n Padteken wys ons na 'n bestemming, maar is nie self die bestemming nie. Net so kan hierdie gebaar van Dawid beskryf word as 'n sakrament. Dit gaan nie hier oor dit wat hy letterlik doen nie. Dit gaan nie eers oor die water self nie. Dit gaan eerder oor dit waarna hy wys - naamlik die opofferende liefde van sy manskappe. Die opoffering is daarom vir hom heilig en dit is wat hy deur sy gebaar te kenne gee. Deur die gebaar versterk hy konneksie met sy manskappe en met God. Dit bring vir hom berusting in 'n baie moeilike tyd in sy lewe.

Opoffering en vrede
Almal van ons het dinge wat ons doen wat voel soos 'n opoffering. Dinge wat ons doen wat soms voel of dit tevergeefs gedoen is. Dinge wat uitspeel asof ons tyd en energie vermors het. Hierdie verhaal wys hoe hierdie "vermorste energie" soms as 'n heilige teken kan dien waarin ons vrede met God en mekaar kan vind.



Valleisig GEMEENTE

Tempels wat nie tempels is nie?
Die onsigbare Woord van God.

# PINKSTER | 23 MEI '23

# EFESIËRS 2:11–22



11Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van
geboorte was julle heidene, en julle is
"onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself
"die besnedenes" noem, al is die besnydenis net
mensewerk aan die liggaam. 12In dié tyd was
julle sonder Christus, uitgesluit uit die
burgerskap van Israel, ver van God af sonder
deel aan die verbonde en die beloftes wat
daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God
in die wêreld.
13Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle
wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby
gekom deur die bloed van Christus. 14Christus is
ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een
gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die
vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur
skeiding gemaak het. 15Die wet van Moses met
al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en
deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee,
Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid
verenig. 16Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n
einde gemaak aan die vyandskap en dié twee
met God versoen en tot een liggaam verenig.
17Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap
van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van
God was, vrede ook vir dié wat naby was. 18Deur
Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die
een Gees vrye toegang tot die Vader.
19Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie
bywoners nie, maar medeburgers van die
gelowiges en lede van die huisgesin van God.

20Julle is 'n gebou wat opgerig is op die
fondament van die apostels en die profete, 'n
gebou waarvan Christus Jesus self die
hoeksteen is. 21In Hom sluit die hele gebou saam
en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,
22in wie julle ook saam opgebou word as 'n
geestelike huis waarin God woon.

- Die Bybel 1983 Vertaling

# GESELS

Wat staan uit? Waarvan wil jy meer leer? Wat wil jy bydra?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Pax Romana


In die tyd van Jesus was dit die hoogbloei van die Romeinse samelewing en optimisme. Daar was propaganda reg oor die hele Romeinse Ryk wat bekend gestaan het as die Pax Romana.

"Pax" is die Latynse woord vir vrede. Die propaganda was wyd en syd verkondig om die militêre oorwinnings van Rome bekend te maak. Hierdie vrede is met die persoon van die keisers vereenselwig. Die woord "vrede" was daarom 'n gelaaide term gewees in die Nuwe Testament. Dit het 'n baie spesifieke tipe vrede in gedagte gehad.

## Tempeldiens en die ekonomie

In die Grieks-romeinse wêreld het die tempeldiens volledig sy eie ekonomiese belang gehad. Afhangende van die god of godin wat aanbid is, het daardie tempel se ekonomie die stad se finansies help bestuur. Stede se ekonomie is dikwels gebaseer rondom die koop en verkoop van beeldjies en ander kultiese handelsware. Hierdie was een van die redes waarom Christene soveel teenstand gekry het. Deur te verkondig dat daar slegs een God is, het iemand soos Paulus die ekonomie van die stad belemmer.

## HET JY GEWEET?



# 'N VOORBEELD VAN ROMEINSE PROPAGANDA NET BUITE EFESE

"The most divine Caesar...we should consider equal to the Beginning of all things...for when everything was falling into disorder and tending toward dissolution, he restored it once more and gave the whole world a new aspect; Caesar... who being sent to us and our descendants as Savior, has put an end to war and has set all things in order; and whereas, having become God manifest, Caesar has fulfilled all the hopes of earlier times...the birthday of the God Augustus has been for the whole world the beginning of good news concerning him."

- The Priene Inscription, written 9 BCE

"Thine age, O Caesar, has brought back fertile crops to the fields,...has wiped away our sins and revived the ancient virtues,...and the fame and majesty of our empire were spread from the sun's bed in the west to the east. As long as Caesar is the guardian of the state, neither civil dissension nor violence shall banish peace."

- Horace, Odes 4.15, published 13 BCE

# SO...

Die Romeinse propaganda het die wêreld van die Nuwe Testament oorheers. Dit was om elke hoek en draai te bespeur. Hierdie propaganda het egter vir enige iemand anders wat nie 'n Romeinse burger was nie, 'n baie ander betekenis gehad. Dit was geassosieer met militêre mag, met korrupsie en met magsmisbruik.
Ons lees in die Nuwe Testament eintlik betreklik min van die Romeinse wêreld en keisers. Dit is egter duidelik dat hierdie wêreld ook die eerste volgelinge van Jesus beïnvloed het. Vir 'n volgeling van Jesus was die kontras tussen die keiser en Jesus baie duidelik. Jesus bring vrede, verlossing, vergifnis, versoening. Maar op 'n totaal ander manier. Nie deur geweld of mag nie, maar deur 'n uitnodiging om te glo.
Hierdie uitnodiging is ook nie beperk tot 'n gebou nie. Hierdie God ontmoet jy nie deur beeldjies te koop of 'n ekonomie te onderhou nie. Hierdie God is so naby dat jou eie liggaam die plek is waar jy God ontmoet en aanbid. Hierdie gedagte was 'n splinternuwe idee wat direk in kontras was met alles wat daardie wêreld geken het.
Die les wat ons hieruit kan leer is dat die vroeë kerk altyd in gesprek was met die wêreld van hul tyd. Dit het altyd met 'n kritiese oog na die wêreld gekyk en gevra hoe hulle geloof in Christus hierdie wêreld sien en beïnvloed.
Ons hoef daarom nie bang te wees oor die ooreenkomste nie want niemand vandag aanbid meer die keiser nie. Die probleme van daardie tipe geloof het nie die toets van tyd oorleef nie. Geloof in Jesus gaan wel voort. Want mense bly getuig van die waarde en die waarheid daarvan.



Kan vyebome ook sondig?
Leer hoe toebroodjies jou
help om Bybel te lees

# PINKSTER | 24 MEI '23

# MARKUS 11:12-25



12Toe hulle die volgende dag van Betanië af
vertrek, het Hy honger geword. 13Hy het van ver
af 'n vyeboom met blare gesien, en gaan kyk of
Hy nie miskien iets daaraan sou vind nie. Toe Hy
by die boom kom, het Hy niks gevind nie, net
blare, want dit was nie tyd vir vye nie. 14Hy sê
toe vir die vyeboom: "Mag niemand tot in
ewigheid ooit weer 'n vrug van jou af eet nie!" Sy
dissipels het dit gehoor.
15Hulle het in Jerusalem aangekom. Jesus het
toe die tempelterrein binnegegaan en die mense
wat op die tempelterrein aan die koop en
verkoop was, begin uitjaag. Hy het ook die tafels
van die geldwisselaars en die stoele van die
duiweverkopers omgegooi, 16en niemand
toegelaat om enige voorwerp oor die
tempelterrein te dra nie. 17Hy het hulle geleer en
gesê: "Staan daar nie geskryf nie,
" 'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies
genoem word'? Maar julle het daarvan 'n
rowerspelonk gemaak."
18Die leierpriesters en die skrifkenners het dit
gehoor en wou Hom om die lewe bring; want
hulle was bang vir Hom, omdat die hele skare
verwonderd was oor sy lering. 19Toe dit aand
geword het, het Jesus en sy dissipels uit die
stad uitgegaan.
20Toe hulle vroegoggend daar verbygaan, het
hulle die vyeboom gesien, verdor tot in sy
wortels.

.21Petrus het onthou - en sê vir Hom: "Rabbi, kyk,
die vyeboom wat U vervloek het, is verdor!"
22Jesus antwoord hulle toe: "Julle moet geloof in
God hê. 23Amen, Ek sê vir julle: Wie vir hierdie
berg sê, 'Lig jouself op en gooi jouself in die see,'
en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat
hy sê, gaan gebeur, vir hom sal dit gebeur.
24Daarom sê Ek vir julle, alles waarvoor julle bid
en vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal
vir julle so gebeur. 25En wanneer julle staan en
bid - as julle iets teen iemand het, vergeef hom,
sodat julle Vader in die hemele julle ook julle
oortredings kan vergeef."

# GESELS

Wat staan uit? Waarvan wil jy meer leer? Wat wil jy bydra?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



## Chronos en Kairos


Daar is in Grieks twee verskillende woorde vir tyd. Hierdie woorde is afgelei van die Griekse mitologie van die skepping van die wêreld. Die woord chronos is gebruik om vaste tyd aan te dui. Dit is ook waar ons woord "kronologie" vandaan kom. Chronos is tyd wat voorspelbaar is soos bv seisoene, dae, maande ens.

Die woord kairos word ook vertaal as "tyd". In Griekse literatuur is die woord eerder vereenselwig met "geleentheid". Die woord kairos is daarom gebruik wanneer daar 'n geleentheid vorendag kom wat geneem moet word.

## Abraham en seën

In Genesis 12 maak God 'n belofte aan Abraham wat dien as die staanspoor vir die hele Ou Testament. In hierdie gedeelte belowe God om Abraham te seën, sodat Abraham 'n seën sal wees vir al die nasies. Ons sien so dat Israel God se plan is om die wêreld te verander. Daarom moet Israel se getuienis deurgaans getrou wees. Israel moet vir die wêreld wys hoe God lyk.

# HET JY GEWEET?



## Chiasmes en toebroodjies

Die antieke skrywers het van 'n verskeidenheid van skryfstyle gebruik gemaak om hulle punte duideliker oor te dra. Daar is van oordrywings, Griekse retoriek en vele ander tegnieke gebruik gemaak, om stories in te kleur. Een van die tegnieke wat die meeste gebruik word in die Bybel, staan bekend as 'n chiasme. Dit word afgelei van die letter wat ons vandag ken as 'n X. Hierdie tegniek gebruik dikwels twee soortgelyke gedagtes om die sentrale punt te raam. Die middel, of daar waar die gedagtes kruis, is dan waar die kruks van die gedeelte lê. Dis dalk makliker verstaan as 'n toebroodjie. Die broodjies van 'n toebroodjie wys wat eintlik belangrik is - dit wat tussen die broodjies is.

# SO...

Die vervloeking van die vyeboom is een van die vreemdste wonderwerke wat Jesus doen. Dit is ook die enigste "negatiewe" wonderwerk waarvan ons bewus is. Ons ken Jesus as iemand wat siekes gesond maak en kos gee aan skares. Dit is daarom vir ons vreemd om te sien hoe Jesus iets vervloek. Verder lyk dit ook onregverdig, want hoe is 'n vyeboom veronderstel om vye buite seisoen te dra?

Dit is egter wanneer ons die toebroodjie raaksien dat ons sien wat die fokus van die gedeelte is. Dit gaan nie hier oor die vyeboom nie. Eerder oor dit wat by die tempel aan die gang is. Die bedoeling was dat die Jode die wêreld van God moes vertel. Die tempel moes anders as die ander gode sin wees. Die tempel moes 'n gebedshuis vir "al die nasies" wees. Israel het egter hulle kans verspeel. Israel het die geleentheid gemis om die nasies te seën. Israel het die geleentheid gemis om vrugte te dra.

Wanneer ons dit raaksien, besef ons die vyeboom is 'n metafoor vir Israel, en meer spesifiek, die tempeldiens. Eers dan verstaan ons ook in groter volheid waarom die tempel se voorhangsel middeldeur skeur wanneer Jesus sterf. Die era van die tempel is verby. Die geleentheid, die kairos, val nou op almal wat in Jesus glo. Dit is nou ons beurt om 'n seën vir al die nasies te wees!